

## Waarom getuig?



---

### Sabbatmiddag

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Jak. 5:19, 20; Luk. 15:6; Sef. 3:17; Joh. 7:37, 38; 1 Tim. 2:3, 4; 2 Kor. 5:14, 15.*

#### Geheueteks:

“So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (*1 Tim. 2:3 en 4, NAB*).

**D**at elke kosbare mens op sy liefde sal reageer, sy genade sal aanvaar, deur sy Gees getransformeer sal word, en vir die koninkryk gered sal word – dít is God se grootse verlange. Ons verlossing is waarna Hy smag. Sy liefde versit alle grense. Sy genade is onmeetbaar groot. Sy medelye ken geen einde nie. Sy vergifnis is onuitputbaar. Sy krag en mag is oneindig. Daarenteen dring die heidense afgode op allerhande offerandes aan, en dit terwyl die lewende God die grootste soenoffer ooit gebring het. Hoe groot ons begeerte na verlossing ook al is, God se begeerte na ons verlossing is altyd groter. “Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (*1 Tim. 2:3, 4, OAB*). Sy hartsverlange is jou en my verlossing.

Om vir Jesus te getuig is om van Jesus te getuig. Hy is die hoofsaak van ons getuienis. Ons getuig oor die dinge wat Hy ter wille van ons verlossing gedoen het, oor hoe Hy ons lewens verander het. Ons getuig ook oor die wonderlike waarhede in sy Woord, waarhede wat vir ons sê wie Hy is en wat die skoonheid van sy karakter openbaar. Hoekom moet ons getuig? – wonder party gelowiges. Wanneer ’n mens egter verstaan wie Jesus is, en jy die wonders van sy genade en die krag van sy liefde ervaar het, kan jy nie stilbly nie. Waarom moet ons getuig? Die antwoord is eenvoudig: wanneer mens uiteindelik ’n medewerker in God se verlossingsplan geword het, beleef jy ’n nuwe soort vreugde – om te sien hoe mense deur God se genade gered en deur sy liefde getransformeer word.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 4 Julie.*

## Godgegewe verlossingsgeleenthede

Aan elkeen op aarde gee die Here daaglik die geleentheid om Hom te leer ken. Deur die influisterende Gees wek Hy oortuiging in die hart. In die skoonheid en kompleksiteit van die natuur openbaar Hy Homself aan die mens. Die duiselingwekkende omvang, orde en simmetrie van die heelal getuig van 'n God sonder grense, 'n God met onbepaalde wysheid, en oneindige mag en krag. Hy beskik dit so dat omstandighede in ons lewens ons nader na Hom trek.

Alhoewel die Here Homself deur hierdie dinge openbaar – deur die influistering van die Gees, deur die voortrefflikhede van die natuur, en deur sy voorsienigheid – is die lewe en bediening van Jesus Christus die duidelikste openbaring van sy liefde. Wanneer 'n mens dus Jesus met ander deel, gee jy hulle die beste reddingsgeleentheid.

**Lees Lukas 19:10 en vergelyk dit met Jakobus 5:19 en 20. Wat leer ons uit Lukas se Evangelie oor die doel van Christus se eerste koms? Hoe maak 'n mens om deel van Christus se reddingspoging te wees, om saam met Hom te werk?**

---

Jakobus skryf: “Weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word” (*hfst. 5:20, NAB*). Die Sendbrief aan die Romeine vul dit egter aan. In hoofstukke 1 en 2 sê dit dat Jood sowel as nie-Jood 'n openbaring van God ontvang het – die Jode deur die profesie in Gods Woord en die nie-Jode deur die natuur – maar dat albei sonder Christus verlore is. In Romeine 3 tot 5 wys Paulus daarop dat verlossing uitsluitlik deur genade kom en dat 'n mens dit slegs uit geloof ontvang. In Romeine 6 tot 8 beskryf hy hoe die genade waardeur elke gelowige regverdig gemaak word, ook 'n heiligmakende genade is. In Romeine 10 skryf die apostel: “Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (*hfst. 10:13, NAB*); en wys daarop dat geeneen sy Naam kan aanroep as hulle nie in Hom glo nie, en dat hulle nie kan glo as hulle dit nog nie gehoor het nie, en dat hulle nie die goeie nuus kan hoor as niemand hulle daarvan vertel het nie. Met ander woorde: ons hardloop figuurlik-gesproke in God se aflosspan ten einde die verlore mensdom met die goeie verlossingsnuus te bereik.

**Ons getuig nie om mense hul enigste kans op redding te gee nie, maar om hulle hul beste kans op redding te gee. Die vraag is net: wat presies is ons rol in God se plan ter redding van die mensdom? Wat meer is: hoeveel mense het al die evangelie uit jóú mond hoor kom?**

---

## Om Jesus te verbly

Vra mense jou soms: “Hoe gaan dit met jou vandag?” of “Gaan dit werklik GOED met jou?” Wat as ’n mens dié soort vrae aan God sou rig? “Here, hoe gaan dit met U vandag?” Wat dink jy sou Sy antwoord wees? Moontlik soos volg: “Sleg. Baie sleg. My hart pyn ten aanskoue van ’n duisend vlugtelingkampe, kampe vol kinders wat koud kry, kinders wat honger het en kinders wat huil van pure verdriet. Die strate van die wêreld se mees digbevolkte stede het ek bewandel, en oor die lot van die haweloses en behoeftiges geweens. My hart is flenters oor mishandelde vroue en verskrikte kinders wat as seksslawe verkoop word. Die vernietiging wat oorlog bring, die verwoesting wat natuurrampe saai, het Ek aanskou; ook die pyn en angs van siektes, dié wat aftakel en doodmaak.” Op dié antwoord sou ’n mens kon vra: “Maar, Here, is daar dan iets wat U hart bly maak? Iets wat U vreugdevol stem? Iets wat U laat jubel?”

**Lees Lukas 15:6, 7, 9 en 10; asook verse 22 tot 24 en 32. Hoe eindig die onderskeie gelykenisse en wat sê dit telkens vir ons oor die Here?**

---

---

---

Met elke verlorene wat gevind word, vier die hemel fees. In ’n wêreld vol siekte, rampe en die dood kan ons die Here se hart bly maak deur die blye boodskap – die goeie verlossingsnuus – met ander te deel. Een van die grootste beweegredes vir die verkondiging van Christus se liefde is die wete dat ons getuienis die Here groot vreugde bring. Elke keer wat ons Sy liefde aan ander openbaar, verbly die hemelskare hulle.

**Lees Sefanja 3:17. Hoe reageer die Here wanneer ons sy reddende genade aanvaar?**

---

---

Stel jou dit voor: as gevolg van jou getuienis aanvaar iemand – ’n man of ’n vrou of ’n seun of ’n dogter – vir Jesus as sy of haar persoonlike Saligmaker. Jesus verheug Hom daaroor. Die ganse hemelskare trek los en sing ’n verruklike loflied, met ons magtige Verlosser wat by hulle aansluit om daardie bekeerling en sy of haar besluit te vier. Wat is meer lonend, meer vervullend, as die wete dat jou getuienis die Here se hart bly maak, en dit in ’n wêreld vol hartseer en pyn?

## Gee, en groei in Christus

Let op die Dooie See se ligging. Teen ongeveer 423 meter onder seevlak is dit die laagliggendste see op aarde. Die Jordaanrivier vloei uit die See van Galilea en kronkel afwaarts, al die pad deur die Jordaanvallei, totdat dit doodloop in die Dooie See. Dit het 'n warm en droë klimaat, met intense sonlig en in 'n woestynagtige landstreek. Dit beteken dat water uiters vinnig daar verdamp. Aangesien die Dooie See se sout- en mineraalinhoud 33.7 persent is, kan bitter min in die water oorleef. Daar is geen vis of plante nie, net mikrobes en bakterieë wat op die bodem leef. In die geloofslewe is dit ook so: as God se genade invloei in 'n mens se lewe, maar nie na ander mense uitvloei nie, stagneer jy – totdat jy geestelik dood is. As Christen wil 'n mens nie so leef nie.

**Lees Johannes 7:37 en 38, en Lukas 6:38. Wat gebeur outomaties met diegene wat wel die verkwikkende lewenswater van Christus aanstuur, m.a.w. met diegene wat die teenoorgestelde van 'n “Dooie See-Christen” is?**

---

---

“God kon sy doelstelling – om sondaars te red – sonder ons hulp bereik het. Ons moet egter [aktief] aan die verlossingsplan deelneem ten einde 'n Christosentriese karakter te ontwikkel. As ons die vreugde van Christus deelagtig wil word – naamlik om te sien hoe mense deur sy soenoffer verlos word – moet ons deel van Jesus se pogings ter redding van ons medemens wees” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 142).

“Diegene wat oorwinning [oor sonde] begeer, moet uit 'n lewe van afsondering gebring word. Al wat [egter] hierdie ommeswaai kan meebring, is om daadwerklik by sielervedding betrokke te raak” (Ellen G. White, *Fundamentals of Christian Education*, bl. 207).

Ons groei namate ons vir ander vertel van die dinge wat Christus in ons lewens vermag het. Inaggenome alles wat ons deur ons verbondenheid met Christus ontvang het, is dit werklikwaar die laagste vorm van selfsug om nie God se groot genadegawe met ander te deel nie, of hoe? Wat meer is, as 'n mens versuim om jou geloof met ander te deel, sal jy as Christen gewis stagneer en soos die Dooie See word.

**Dink aan jou Christelike getuies, hoe jy saam met mense bid en in ander se behoeftes voorsien. Hoe ervaar jy jou pogings tot sielervedding? Het dit 'n verskil in jou eie geloofslewe en in jou wandel met God gemaak?**

---

## Getrou aan Christus se opdrag

Lojaliteit aan Christus vereis ’n verbintenis tot die uitleef van sy wil. Dit vereis gehoorsaamheid aan sy voorskrifte en opdragte. Uiteindelik is die ware gelowige se lewe in pas met die Meester se lewe – ’n lewe gewy aan sielredding. Om in pas met Hom te wees, beteken dus dat ons voorkeur gee aan alles wat by Jesus voorrang geniet.

**Lees 1 Timoteus 2:3 en 4, asook 2 Petrus 3:9. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons oor die hart van God? Wat geniet voorkeur in sy lewe?**

---

God is passievol oor sielredding. Niks is meer belangrik vir Hom as dit nie. Dit is sy opregte begeerte dat “alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (1 Tim. 2:4, NAB). Hy “wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Pet. 3:9, OAB). Met betrekking tot dié skrifgedeelte wys die *SDA Bible Commentary* op die Griekse woord wat in Afrikaans as “hê” vertaal word – *boulomai* – en dui op die begrip “ingesteldheid” d.w.s. ‘om te hê’ of ‘om te begeer.’” Daarna maak die bybelkommentaar ’n interessante opmerking oor die woordjie maar. Die Koinegrieks vir “maar” is natuurlik *alla*. In hierdie teksvers word dit gebruik “om ’n [bepaalde] kontras uit te lig – tussen ’n wanopvatting oor die aard en wese van God [en die korrekte opvatting]; naamlik dat Hy Hom kan vereenselwig met party se ondergang, enersyds [die wanopvatting], en die begeerte dat almal gered moet word, andersyds [wat die korrekte siening is]” (die *SDA Bible Commentary*, vol. 7, bl. 615). Aan elke gelowige gee Christus die opdrag, dat ons by sy reddingspoging moet aansluit deur getuies van sy liefde, genade en waarheid te wees. Hierdie opdrag tot deelname is ’n uitvloeisel van sy begeerte dat die ganse mensdom gered moet word.

**Lees Handeling 13:47 en vergelyk dit met Jesaja 49:6. Op wie was hierdie skrifgedeelte aanvanklik van toepassing? Hoe gebruik die apostel dit hier in Handeling?**

---

Somtyds het Ou Testamentiese profesie meer as een toepassing. Hier neem die apostel byvoorbeeld ’n profesie wat eintlik op Israel van ouds betrekking gehad het, en in ’n profetiese sin op die Messias (lees Jes. 41:8, Jes. 49:6 en Luk. 2:32), en pas dit op die Nuwe Testamentiese kerk toe. Versuim om Christus se opdrag uit te voer of om dit as minder belangrik af te maak, kom dus daarop neer dat die kerk haar bestaansrede ondermyn en faal in haar profetiese roeping op aarde.

**Die kerk – en ook die plaaslike gemeente – kan so selfbehep raak dat sy haar bestaansrede en doel uit die oog begin verloor. Tot watter ander gevare lei dit?**

## Liefde as dryfveer

In hierdie week se les het ons die vraag beantwoord: “Waarom getuig?” Wat ons ontdek het, is dat deelname aan God se groot reddingspoging ten bate van die mensdom ’n bron van vreugde is, en dat ’n mens daardie vreugde ervaar namate jy jou geloof met ander deel. Om van sy liefde te getuig, skep meer geleenthede vir mense om die verlossingsboodskap te hoor en te aanvaar. Dit gebeur omdat die genade en waarheid van die Here deur ons getuienis vir hulle duideliker word.

Terselefdertyd is getuienis ook een van die maniere waarop die Here innerlike groei by die gelowige stimuleer. Die versuim om vir ander te vertel wat Christus vir jou gedoen het, en ook die nalaat van naastediens, pers die lewe uit ware geestelikheid. Getuienis bring ’n mens egter in voeling met die Vaderhart, met die God wat begeer dat die ganse mensdom gered moet word. Deur vir Christus te getuig, toon ’n mens jou gehoorsaamheid aan sy opdragte en voorskrifte. In vandag se les bekyk ons die groot beweegrede vir getuienis.

**Lees 2 Korintiërs 5:14 en 15, asook verse 18-20. Wat was Paulus se rede vir die deurmaak van allerhande beproewinge, verdrukking, moeilikhede en swaarkry ten einde die evangelie te verkondig? Hoe kan hierdie beweegrede ook ons beweegrede vir ons diens aan Christus word?**

---

Liefde was Paulus se groot beweegrede. Liefde is die dryfveer wat ’n mens tot dinge in staat stel wat jy daarsonder nie sou kon vermag nie. Let op die apostel se woorde: “Die liefde van Christus dring ons” (NAB). Hier roer hy ’n ewige waarheid aan. Die woordjie dring beteken “om ’n weg te baan” en ook “om te dwing, te noodsaak of te verplig” (*Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Labuschagne & Eksteen 2010*). Die liefde van Christus het Paulus se daede en sy getuienis aangedryf en gerig. Onverskrokke, koersvas en doelgerig het hy die verlossingsplan met die Mediterreense mense van die Nuwe Testamentiese era gedeel. “Liefde moet in ’n mens se binnenste leef. ’n Ware Christen se beweegrede spruit uit sy [of haar] diepe en opregte liefde vir die Meester. Dit skiet wortel in die hart en bring ’n onbaatsugtige medelye vir jou medemens voort” (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 425). Wanneer ’n mens terdeë besef watter ongelooflike opoffering Christus vir elkeen op aarde gemaak het, oorweldig die liefde van Christus jou. Dit noop ’n mens om aan ander te vertel wat Hy alles vir jou gedoen het.

**Die einste God wat die ganse skepping – die hemelruim; die ganse kosmos; die sterre en sterrestelsels, en ander wêrelde; asook die engeleskare – voortgebring het, het ook ter wille van die mens aan die kruis gesterf. Behoort hierdie verbasingwekkende waarheid dan nie ’n liefde vir God asook ’n begeerte om ander daarvan te vertel, by ons aan te wakker nie?**

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se “God’s Purpose for His Church” (bl. 9-16 in *The Acts of the Apostles*, en bl. 822-828 in *The Desire of Ages*). Die Nuwe Testamentiese kerk het byna haar ware bestaansrede uit die oog verloor. Ellen G. White beskryf dié dreigende gevaar soos volg: “Die vervolging wat die kerk in Jerusalem te beurt geval het, het die verkondiging van die evangelie in die stad [eintlik] ’n hupstoot gegee. Sieleredding het dus hoër hoogtes bereik. Tog het dit tot ’n nuwe gevaar gelei – dat die dissipels te lank daar sou vertoef, en dat hulle van die Heiland se opdrag om die evangelie wêreldwyd te verkondig, sou vergeet. Dat ’n mens krag ter teëstaan van die bose uit [volgehoue] en passiewolle naastediens put, is iets wat hulle algaande uit die oog verloor het. Hulle hoofzaak, het hulle gemeen, was om die kerk in Jerusalem teen ander se teëkanting te beskerm. Pleks van nuwe bekeerlinge leer om die evangelie uit te dra, was hulle byna gereed om gesamentlik agteroor te sit, en veels te opgemaak met hul vorige prestasies” (*The Acts of the Apostles*, bl. 105).

## Vrae vir bespreking:

1. Kyk mooi na die Ellen G. White-aanhaling hierbo, veral na die laaste sin. Waarom moet ons vandag steeds teen hierdie gevaar waak? Waarom is dié houding so vreeslik verkeerd – selfs ’n tragedie – inaggenome die reuse taak wat aan ons toevertrou is?
2. Waarom dink jy eindig elke Evangelie met dieselfde opdrag? Lees Matteus 28:18-20, Markus 16:15 en 16, Lukas 24:46-49, asook Johannes 20:21. Wat het hierdie opdrag vir die eerste-eeuse gelowiges beteken? En wat van ons, die hedendaagse gelowiges?
3. Kan getuienis en naastediens ooit ’n plaasvervanger vir ware geestelikheid word? Indien wel, hoe so? Hoe gemaak om nie daardie denkfout te maak nie?
4. Let op almal se antwoorde op die vraag aan die einde van Dinsdag se les, oor hoe getuienis en naastediens jou persoonlike wandel met Christus beïnvloed het. Watter lesse het jy geleer wat vir jou medegelowiges tot nut kan wees? Watter benaderings kan jy aanbeveel en watter moet liefers vermy word? Bespreek hierdie dinge tesame.
5. Bepeins die wonderbare feit dat God elkeen van ons persoonlik liefhet. Hoe verstaan jy dit? Hoe behoort dié waarheid – wat sekerlik die belangrikste feit in die ganse heelal is – jou lewe te beïnvloed?